# 'n Inleidende woord

## Hierdie uitgawe van die HTS word opgedra aan professor CH Rautenbach by geleentheid van sy vyf en tagtigste geboortedag

- **Kerkman**
- **Universiteitsman**
- **Opvoedkundige**
- **Wysgeer**
- **Kultuurman en**
- **Administrateur**

Op al hierdie gebiede het hy diep spore getrap en is hy op nasionale vlak as 'n deskundige erken.

Ek, as een van sy oudstudente in die Wysbegeerte, onthou hom vir sy retensievermoë (geheue, selfs wat detail betref), sy imposante deduktiewe èn induktiewe bekwaamhede èn sy kombinatoriese gawes. Om maar één voorbeeld oor één van hierdie aspekte, naamlik sy fantastiese geheue te noem: In die vroeë veertiger jare het ons nog in ons klasse aantekeninge neergeskryf. In die Wysbegeertelesings (seker 500 vir Filosofie I, II en III) het hy nooit van enige aantekeninge hoegenaamd gebruik gemaak nie. Hy het elke week se lesingsessie begin deur te sê: 'Verlede week het ons die volgende gesê' en dan die laaste sin trefseker, sekuur en korrek herhaal. Daarna het hy gewoonweg gesê: 'Skryf' (die volgende sin).

Met hierdie uitgawe wil ons ons bewondering vir, asook ons waardering en dankbaarheid teenoor 'n groot seun van Suid-Afrika, afkomstig uit die Wes-Transvaal, tot konkrete uitdrukking bring.

BJ Engelbrecht
Voorsitter van die Redaksie